UITGAWE 20 | JAARGANG 22 | 6 DESEMBER 2024



# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## ADVENT

*Kerstyd*

NG Kerk
Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

VISIONERING
**Moderamen** | *"'n Ewige God is die Here – en Hý kom hierheen ..."*

04 | VISIONERING
**Moderamen** | *Verklaring van die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat*

## 05 ARTIKELS

05 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Mooi Parys** - *"Waar 'n wil is, is 'n weg!"*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Islam Getuienisaksies** | *Was Paulus dan die een wat die Bybel gekorrupteer het?*

07 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Missie Japan Ramp-flits** | *Ramp-hulp-verlening deur inter-kerklike vrywilligers*

08 | VENNOTE IN GETUIENIS
**DEGNOS** | *DEGNOS-dinge*

09 | ALGEMEEN
**Algemeen** | *Staan jy nog in die stal van Betlehem?*

11 | ALGEMEEN
**NG Kerk Vrystaat Bedieninge** | *Seëngroet vanuit die Sinodale kantoor*

## 13 EKOLOGIE

***Dink groen*** - *Wat word van jou Kersfeesboom na Nuwejaar?*

## 15 MEDIATEEK

BOEK EN INVENTARIS
**Woestynwysheid** - *Antieke riglyne vir toekomsgerigte mense*

## 17 VERJAARSDAE

## 19 AKTUEEL ALGEMEEN

19 | **Roetemerkers:** Opwinding én kommer langs die kerk se weg met nuwe manier van dink oor lidmaatskap en belydenis

20 | **Bybel-Media:** *Jaarboek, Leesrooster en Woord en Fees*

21 | Advertensies

## 22 OPLEIDING

## 23 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 24 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 25 'N LAASTE GEDAGTE

**Gerber Roux** | *Kan ons ooit seker wees van ons saligheid?*

## 26 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe
Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Stéphan van der Watt
Andries Gous | Gerber Roux
*Kerkbode* | *VrydagNuus*, Kaapkerk
*Bybel-Media* | *CLF* | *TOIBO*
*Bybelgenootskap*

---

## ADVENT

**Jesaja 9:5** | Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. **Advent** beteken letterlik 'koms'. Ons leef opnuut in die wonder van die menswording van Christus. Ons berei voor om die koms en wederkoms van Christus te herdenk en vier op die vier Sondae voor Kersfees en Kersdag.

## DAGBOEK DÍT

**Vroue Toerustingskamp**
*Wees stil en weet, Psalm 46:11*

21 - 23 Februarie 2025
**Amanzi Private Game Reserve**

## VOLGENDE VRYPOS

Hierdie is die laaste uitgawe van *VRYPOS* vir 2024.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


**BYDRAES EN NAVRAE**
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za





**Foto:** *Canva*

# "'n Ewige God is die Here – en **Hý kom hierheen** ..."

*Deur ds Jan Lubbe*

Deur die groot venster van die kapel bo by Menuha lê die vlaktes en rantjies van die Vrystaat wyd voor ons uitgestrek, suidekant toe. 'n Stil tafereel op 'n gewone dag. Voor ons die groot houtkruis. In die verte, die buitelyne van Bloemfontein onder die blou hemelkoepel. Dis nog vroegoggend, maar reeds is die horison wasig, stowwerig aan't dans in die somerson. Dis droog, die gronddam is leeg. Die lug wolkloos. Twee middae gelede, 'n harde donderbui wat jong botsels gras groen en verkwik gelaat het. Skuins van die regterkant af, oor die vlakte, kom die strepie pad van Brandfort af verby. Ver buite hoorafstand. Ons wag in die stilte van die kapel. "Die regte tyd het aangebreek, die tyd deur God bestem – die Vader stuur vir ons sy Seun, as kind na Betlehem," sing ons Lied 341.

Anderkant Bethlehem, na Harrismith toe, staan die mielies al sterk, vertel 'n ouderling. Anderkant Betlehem lê Gasa, en die dood, dink ons ook. Met die nuus en belewenisse van hierdie jaar 2024 in ons gedagtes, lees ons Jesaja 40 stadig deur. Een vir een deel ons 'n teks of net 'n frase wat jou getref het uit hierdie *"woord van God wat vir altyd stand hou"* (Jesaja 40:8). *"Troos, troos my volk"* (vers 1), sê een. *"Roep uit"*, sê 'n ander, *"ons mense is soos gras"* (vers 6). *"Ewig en onvergelykbaar is die Here"*, sê al meer (verse 18, 25 en 28). *"Die Here word nie moeg of afgemat"* – soos ons nie; *"wie op Hom wag, herwin nuwe krag"* (vers 31), besef ons almal. Ons wíl op die Here wag.

Só het ons die laaste moderamenvergadering van die jaar geopen, op die Woensdag tussen Ewigheidsondag en Advent.

Lees meer »

NG Kerk | Moderamen
Vrystaat

# VERKLARING VAN DIE MODERAMEN VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

**5 Desember 2024**

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat is bewus van beweringe wat geruime tyd al in gedrukte- sowel as sosiale media gemaak word rakende die aansoek om herstel van bevoegdheid van 'n voormalige leraar van die NG Kerk, mnr Chris Erasmus. Die Moderamen het nie op hierdie beweringe gereageer nie, ter wille van die aansoeker self én van die vertroulikheid waarmee so 'n aansoek hanteer word. Die Moderamen is ook nie van plan om in 'n media-debat oor die aangeleentheid betrokke te raak nie en volstaan daarom met die volgende mededelings daaroor.

'n Leraar van die NG Kerk se bevoegdheid – die verkryging, verlies of herstel daarvan – is nie 'n saak wat deur enkele individue in hul persoonlike- óf amptelike hoedanigheid hanteer word nie, maar berus op vereistes en prosedures in die Kerkorde van die NG Kerk (Reglement 11.9, Kerkorde 2023), en die besluite van vergaderings aan wie hierdie prosesse opgedra is. Vandat die huidige Moderamen aan die begin van hul termyn in Maart 2022 die aansoek van mnr Erasmus ontvang het en meermale met hom daaroor in gesprek was, is die tersaaklike inligting versamel en amptelike prosedures gevolg, en was en is die weg vir hom om daarmee te vorder, steeds oop. Die suksesvolle voltooiing van so 'n proses ('n *colloquium doctum*, wat nie slegs 'n kerklik-teologiese evaluering behels nie), berus by die kandidaat self. Die Moderamen het mnr Erasmus op verskillende maniere bygestaan en die gesindheid is steeds dat sou hy aan alle vereistes voldoen, sy bevoegdheid herstel kan word.

Een van die bepalinge is dat so 'n aansoek by die Ring waarin 'n kandidaat hom bevind, ingedien en gunstig deur daardie Ring aanbeveel moet word. Daarom was die advies van die Algemene Sinode se kantoor wat met predikantebevoegdheid werk (die ATP) dat mnr Erasmus se aansoek – omdat dit in die afgelope twee jaar duidelik geword het dat hy die gemeente Lady Grey bedien – deur die Ring van Burgersdorp moet gaan. Die Moderamen hanteer nie die aansoek van mnr Erasmus op 'n ánder manier as enige ander aansoeker s'n nie.

Die Moderamen betreur dit ten slotte dat daar in die publiek ongegronde beweringe gemaak word oor individue of vergaderings wat sedert 2018 in hul professionele hoedanigheid by hierdie aangeleentheid betrokke was of steeds is.

# Mooi Parys

## "Waar 'n wil is, is 'n weg!"

**Diens van Barmhartigheid**
*Deur Mariëtte Odendaal*

As jy die dag besluit op watter dorp jy ná jou aftrede wil gaan woon, neem jy baie faktore in ag. Een daarvan is dat dit ten minste in 'n mooi omgewing moet wees.

En dit is presies wat Braam Celliers, afgetrede arbeidskonsultant van Bothaville, en sy vrou, *Isamari, gedoen het toe hulle in 2019 besluit het om op Parys te gaan woon.

Groot was hulle teleurstelling egter toe hulle sien hoe die dorp reeds erg vervalle geraak het. "Afval en ander gemors het oral verstrooi gelê," vertel Braam. "Behalwe dat dit grootliks as gevolg van die dorpsbewoners se eie nalatigheid en gebrek aan netheid was, was dit ook weens die munisipaliteit se onvermoë om vullis te verwyder.

"Dit was ontstellend om te sien hoe min die gemeenskap vir hul dorp omgee. Ek en Isamari was beter gewoond, so as ons in Parys wou woon, sou ons iets dringends aan dié saak moes begin doen."

**Braam, jy hét toe iets daaraan begin doen. Het jy dit as verlengstuk van 'n gemeenteprojek aangepak, of was dit op eie inisiatief?**

"Dit was op eie inisiatief.




***Foto:*** *Lede van die Mooi Parys-skoonmaakspan (verskaf)*

Nou weet ons mos: as iets jou só ontstel en jy voel 'n probleem moet gekonfronteer word, is dit jy sélf wat die bal aan die rol moet sit. Dit help nie net om te praat nie – jy moet iets prakties aan die saak begin doen. "Dit is hoe die projek, Mooi Parys, ontstaan het; 'n onderneming wat ook werk aan baie werkloses verskaf.

***"Die Mooi Parys-projek fokus nie net op die skoonmaak van Parys nie, maar waar ons kan, herstel en verfraai ons ook ons dorp."***
Braam Celliers

**Lees meer »**

**Islam Getuienisaksies**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## Was Paulus dan die een wat die Bybel gekorrupteer het?

Soos voorheen genoem, is dit nogal 'n missie om uit Moslems 'n samehangende antwoord te kry op hulle aanspraak dat die Bybel gekorrupteer is. Wanneer mens wel 'n goeie antwoord kry (wat steeds feitelik verkeerd is), dan is Paulus saam met Konstantyn hoog op die lys van hulle verdagtes. Die Koran erken op drie plekke die bestaan van Jesus se apostels. Daar is egter geen verwysing na Paulus nie.

Op 'n blog "The Sincere Seeker"[1] skryf 'n anonieme skrywer 'n artikel "The Role of Paul in Christianity and How He destroyed the Teachings of Jesus Christ". Hierin gee hy 'n samehangende uiteensetting van hoe Moslems argumenteer dat Paulus die Bybel se boodskap gekaap het. Die gevolg is dat die boodskap wat deur die moderne Christendom verkondig word, nie die boodskap van Jesus is nie, maar dié van Paulus.

Een van die sogenaamde dwalings van Paulus sou dan wees dat hy Christene opgeroep het om Jesus as God te aanbid – iets wat Jesus self dan nie sou gedoen het nie.

Die argument word ook gebou op die feit dat die geskrifte van Paulus meestal ouer as die vier Evangelies is ('n stelling wat waar is) en dat hy daarom die evangelieskrywers beïnvloed het om nie altyd feitelik korrek te wees nie.

'n Teks uit die Bybel waarop hy, en bykans elke Moslem met wie in gesprek getree word, hamer, is die Here Jesus se woorde in Matteus 5:18-19 waar daar staan: "Ek sê vir julle: Totdat die hemel en die aarde tot niet gaan, sal daar beslis geen jota of tittel van die Wet tot niet gaan nie, totdat alles vervul is. "Wie dus een van die geringste van hierdie gebooie afskaf en die mense so leer, sal die geringste in die koninkryk van die hemele genoem word. Maar wie dit onderhou en ander daarin onderrig, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele."

In kommentaar op bogenoemde teks sê hierdie blogger dan: *The New Testament that is now in existence contains more writings of Paul than any other source. All his reports were written before the four Gospels.*

**Lees meer »**

[1] https://thesincereseeker.com/the-role-of-paul-in-christianity-and-how-he-destroyed-the-teachings-of-jesus-christ/

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Dit kom uit 'n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by 'n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus. Hier is nog 'n artikel oor die Moslems se aanspraak dat die Bybel gekorrupteer is. In hierdie geval is dit Paulus se "skuld".*

# RAMP-HULPVERLENING *deur inter-kerklike vrywilligers*

mission ミッション missie JAPAN

**Ramp-flits**
*Deur dr Stéphan van der Watt*

Meer as elf maande ná die reuse aardbewing wat op nuwejaarsdag vanjaar onverwags die Japannese volk geskok het, lê die pyn en ontwrigting vir die inwoners van die Noto skiereiland nog vlak. Onlangs (September) het 'n vlaag van vernietigende vloede verder nóg sout in hulle wonde ingevryf. Gisteraand het pas weer 'n skudding van 5 op die Richterskaal dié omgewing laat bewe. Ontelbaar baie mense is opnuut getraumatiseer. *"Ek het gedog dis klaar met my!"*, vertel een oorlewende wat nouliks ontkom het op nuwejaarsdag, by wie ons betrokke was in verlede week se uitreik na die Noto rampgebied, Noord van Kanazawa stad.

Ons - ek en een van my KRTS-kollegas en elf van ons studente - het normale kweekskool klasse (vir 'n week) gestop om as vrywilligers 'n klein bydrae te maak.

Hierdie is die vierde grootskaalse ramp waarby ek betrokke is, vandat ons in Japan begin werk het 15 jaar gelede. Van Noord-Oos (Sendai area in Maart 2011) tot Suid-Wes (Kumamoto area in April 2016 en Okayama area in Julie 2018), en hierdie keer in sentraal-Japan (Noto skiereiland).

Die uiteenlopende aard van die rampe (aarbewings, vloede, tsoenami's en kernkrag kwessies) asook van die hulpverlening-strategieë, kompliseer vrywilligers se betrokkenheid. Tog is dit opvallend hoeveel vordering/groei gemaak is in terme van interkerklike samewerking en 'n gekoördineerde netwerk van ondersteuning wat op grondvlak 'n daadwerklike verskil maak.

**Lees meer »**

***Foto:*** *Ons span vrywilligers ná hulpverlening in die Wajima area (Noto Skiereiland, Japan) (verskaf)*



# DEGNOS-dinge

**DEGNOS**
*Deur Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

Baie dankie aan elkeen van die dames wat vir ons poppies gebrei het. Die liefdesdaad van elke breier sal ook nou God se liefde prakties help verduidelik aan elke kind wat in een van die DEGNOS-kleinskooltjies is. Ons het poppies ontvang van regoor Suid-Afrika en Namibië. Daar is ook nog 'n groot klomp poppies in Malmesbury en Bloemfontein waarvoor ons 'n geleentheid soek na Grootfontein.

Ons was Dinsdag in Tsintsabis en die nuwe bus het dit moontlik gemaak dat ons die hele kerkraad van die Wildevy-gemeente teenwoordig kon hê. Dit was voorwaar 'n besonderse geleentheid om saam met die groep gelowige broers en susters te kon aansit, saam die Woord van die Here te bestudeer en saam te gesels oor die toekomstige bediening.

**Die wysheid van ouderling Claasen sal my vir lank bybly: *Preek is goed, maar preek maak nie van mense gelowiges nie.*** Mense word gelowiges as hulle gekatkiseer word, geleer word van wie God is en wat Hy vir ons gedoen het. Elke een van die ou mense het getuig hoe hulle die Here eers regtig leer ken het nadat hulle gekatkiseer is. Dit bevestig net weer die opleidingsroeping van DEGNOS – om mense te leer sodat hulle ander kan gaan leer.

DEGNOS-groete

***Foto's** verskaf*




***Foto:** Juffrou Maria Clemens van die DEGNOS-kleinskooltjie op Mangeti Duin ontvang haar onderwyserstafel. Alex het uitgery na die sewe vroeë-kinderjare-ontwikkelingsentrums in die Tsumkwe-Wes area vir hierdie tafels wat spesiaal deur die DEGNOS-instandhoudingspan vervaardig is sodat elke onderwyser 'n tafel in die klaskamer kan hê.*



***Foto:** Kussings is afgelewer, baie dankie aan Nictus vir die donasie. Die versorgers en kinders saam met di Isak Chameia en Amon Petrus wat die oorhandiging namens DEGNOS en NG Luhebu-Noord behartig het.*



***Foto:** Die poppies wat deur die dames vir ons DEGNOS-kleinskooltjies gebrei is.*



***Foto:** Die koffiekroeg op Mangetti duin word deur die jongmense geverf. Dié jeugbediening is regtig iets baie spesiaal.*



***Foto:** Die koffiekroeg word geverf - nou kort ons nog stoele, tafels en gordyne - en miskien bietjie koffie en koekies.*

# Staan jy nog in die stal van Betlehem?

**Algemeen**
*Deur Mariëtte Odendaal*

In jou geestesoog sien jy Maria met die pasgebore baba, Jesus, in haar arms, met Josef en die herders in 'n halfmaan om die jong ma en Kind, hul oë vasgenael op die krip, dof verlig deur 'n lantern wat aan 'n balk hang. Op die agtergrond staan 'n paar staldiere en ook 'n lammetjie of twee saam met die herders uit die veld.

Dit is die prentjie waaraan ons waarskynlik sal dink as ons vanjaar weer "Stille nag, heilige nag ..." tydens die Kersfeesdiens of saam met ons familie om 'n versierde boom met flikkerende liggies sal sing; daar waar ons weer in die verbeelding sal inkyk op die krip in die stal van Betlehem.

Maar hierdie Baba met sy rosige wange en krulkoppie, toegedraai in doeke, het uit daardie stal wegbeweeg en grootgeword.



As volwasse man het Hy kritiese vrae aan sy eie geloofsgroep begin vra; altyd gemeet aan hoe hul lewenswyse strook met liefde, vergifnis en nederigheid.

Die moeilikheid het begin toe Jesus veral vir die randfigure in sy gemeenskap begin opkom het; vir diegene wat nie in die samelewing gereken was nie. Ook toe Hy vreesloos die owerhede en sy magsbehepte geloofsleiers aangevat het. Dit het hom uiteindelik aan die kruis laat beland.

Ons sien wêreldwyd hoe sogenaamde 'navolgers van Jesus' mense openlik bedrieg, beledig en geen respek vir weerloses en die wet het nie, maar steeds in gewildheid toeneem. Dis asof die mensdom se morele kompas vermorsel word deur 'n oormag van wolwe in skaapsklere; meestal in leiersposisies met geweldige mag en lewensbepalende mandate wat 'n enorme effek op miljoene menselewens het.

Lees meer »

# BAIE *dankie*




Beste VRYPOS-leser,

**Dankie vir elkeen se onvermoeide ondersteuning in 2024.**

Elke bydrae, elke kompliment en elke keer wat jy ’n VRYPOS-uitgawe gelees het, het jy ons gehelp om te groei en vorentoe beweeg.

Ons is opgewonde om te deel dat die VRYPOS-uitgawes in **Jaargang 22** altesaam **20 472** keer gelees is – ’n prestasie wat ons nie sonder elke leser kon bereik het nie!

Met die einde van 2024 in sig, wens ons ’n geseënde en vreugdevolle Kersfees, vol liefde en samesyn aan almal toe.

Mag 2025 ’n jaar van voorspoed, nuwe geleenthede en onvergeetlike oomblikke wees.

Ons is opgewonde oor wat **Jaargang 23** gaan inhou en sien uit daarna om saam met elkeen van julle die nuwe uitdagings, ontdekkings en avonture van die komende jaar aan te pak.

**Vriendelike groete,**
**die VRYPOS-span**

*Celicia & Carlie*
“DIE KERKMUISE”

Departement: Kommunikasie en Bemarking

# Seëngroet vanuit die

## NG Kerk Vrystaat Bedieninge

*Uitvoerende Amptenare*

***Met dankbare harte kyk ons terug op die afgelope jaar en al die genade en groei wat ons as geloofsgemeenskap beleef het.***

***Soos die ster van Betlehem helder geskyn het,h erinner dit ons aan die lig en hoop wat Christus na die wêreld gebring het.***

***Mag hierdie Kersseisoen vir elke gemeente en lidmaat 'n tyd van vreugde, vrede en diep verbondenheid wees.***

***Mag julle die nuwe jaar met geloof en verwagting tegemoetgaan, geanker in die liefde en waarheid van ons Here.***

***Geseënde Kersfees en voorspoed vir die Nuwejaar!***



**Vennote in Getuienis kyk terug na 'n baie geseende jaar.**

Oral waar gemeentes en groepe en ons ekumeniese vennote die roeping van God gevolg het, het hulle ook hoop en nuwe lewe in Christus Jesus gebring. Dié Kerstyd is nie net 'n tyd van rus nie, maar ook 'n tyd van luister en reflekteer. Mag die kerk van die Here hier plaaslik, in Afrika en die eindes van die aarde, hierdie Kerstyd voortgaan om hoop en vreugde te bring deur Jesus te leef!

**DR NICO MOSTERT**
VENNOTE IN GETUIENIS

### Kerstyd = Immanueltyd



**Mense vra soms waar is God? So asof hulle Hom iewers verloor het, of, nog erger, dat Hy hulle iewers verloor het. Hy het nie!**

Die afgelope jaar het baie gemeentes (leraars en lidmate) swaar gekry. Behalwe vir die natuur se droogtes en hittegolwe, was kerkwees ook nie meer wat dit in die verlede was nie. Na Covid kom al minder mense kerk toe en dit lyk of die jong geslag geen erg aan kerk het nie. Minder mense in die erediens sing minder lekker, en maak dat meer mense wegbly. Dan vra mense of God die kerk in die steek gelaat het, vergeet het.

Na die ballingskap het die volk in die OT waarskynlik ook so gevoel. Wat het geword van God? En sy beloftes? Maar God was nog nooit weg nie. Hy vervul sy profeet se woorde toe 'n jong meisie 'n seun in die wêreld bring en hom Immanuel noem. En Hy doen dit in die tyd van die Jood-hatende Romeine en die verpestelik Herodes. Te midde van die swaarkry van droogtes en die politiek, verskyn sy Almag.

As jy voel dat God ver is, of selfs weg is, mag hierdie feesseisoen jou weer herinner dat kerstyd Immanueltyd is. God met ons.

**DR LEON M FOOT**
BEDIENINGSBEGELEIDING
VISIONERING

# Sinodale kantoor



**Groete van die Seminarium. Met die legitimasie van Teologiese kandidate op 19 November het die formele werksaamhede van die Seminarium vir 2024 vir die jaar tot 'n einde gekom.**

Ons kyk in dankbaarheid terug op 'n goeie jaar. Al die programme wat die studente kerklik vorm met die oog op bediening, is suksesvol afgehandel, en steeds word nuwe terreine geïdentifiseer. Die Kerk vertrou die Seminarium met 'n ontsaglike verantwoordelikheid. Ons het groot waardering vir elke aanbieder, mentor, steunspan en student vir die ewigheidsbeleggings wat in ons studente gemaak word. Deur onbaatsugtige opoffering van menige kollega word kennis, kundigheid, ervaring en menswees gedeel tydens formele aanbiedings, retreats, en meer. Ons sien uit na 'n goeie nuwe jaar, met die vooruitsig om nuwe eerstejaarstudente te verwelkom wat weldra by ons studentekorps aansluit. Vanuit die Seminariumkantoor wens ons almal 'n uitsonderlik goeie Feestyd toe, met die bede dat ons almal opnuut aangegryp sal word deur die Kind in die krip. Ons groet met die bede van Paulus aan die Efesiërs dat [julle] saam met al die gelowiges in staat sal wees om te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek; liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag [julle] almal vervul word met die volheid van God.

**DR JOHAN NEL**
TEOLOGIESE OPLEIDING
SEMINARIUM & KURATORIUM



**Wat 'n jaar was dit nie! Soos Charles Dickens in sy 'A Tale of Two Cities' sê: "it was the worst of times; it was the best of times".**

Mag die goeie van vanjaar die slegte goed wat jy moes hanteer by verre troef. Mag Hy wat die vrede van Kersfees is, jou in hierdie tyd vul met sy teenwoordigheid. Mag jy genoeg rus en jou batterye herlaai vir 2025. 'n Geseënde Christus-gevulde Kersfees word jou toegewens vanuit die Sinodale kantoor vir Diens van Barmhartigheid.

**DS DE LA HARPE LE ROUX**
DIENS VAN BARMHARTIGHEID



**Baie dankie aan al ons NG-gemeentes vir julle getroue finansiële ondersteuning en betrokkenheid in 2024.**

Julle bydraes staan in diens van God se koninkryk en maak 'n verskil in mense se lewens. Ons bevestig weereens dat ons in diens staan van Ringe en Gemeentes en ons wil julle graag uitnooi om vrymoedigheid te neem om ons te kontak vir ondersteuning en hulpverlening waar nodig. Ons verwelkom ook voorstelle om u beter tot diens te wees. Ons wens u almal 'n baie geseënde feestyd saam met u geliefdes toe en beste wense vir 2025.

**ADRIAAN DE RUITER**
ONDERSTEUNING



# DINK GROEN

## *Wat word van jou Kersfeesboom na Nuwejaar?*

***Deur** Mariëtte Odendaal*

Die meeste van ons het al begin om ’n denneboom, hetsy van ’n kwekery of een van plastiek uit ’n winkel, in die een hoek van ons woonvertrek te versier. Aanhangers van Koos du Plessis se ‘Somerkersfees’ het waarskynlik ’n garing- of doringboompie volgens eg-Suid-Afrikaanse tradisie in die hoek. Ná weke van flikkerende liggies, blink engeltjietou en vrolike en kleurvolle figuurtjies aan die takke, is dit helaas tyd om die versierings af te haal en vir volgende jaar te bêre. Die kinders en kleinkinders is weg, die vrolike samesyn is iets van die verlede en dis tyd om die Kersfeesboom uit die stil huis na die komposhoop te sleep. Dis ’n treurige affêre.

Maar dit hoef nie so te wees nie. ’n Britse maatskappy, *The London Christmas Tree Rental*, verhuur Kersfeesbome in plaas daarvan om dit te verkoop. Die idee is dat jy dit ná Kersfees weer terugbring en hulle dit dan vir die volgende twaalf maande sal versorg totdat jy dit weer vir Kersfees nodig het.

**Lees meer** »


# Seminarium

## BENODIG

NG Kerk
Vrystaat

Kopieë wat nie meer gebruik word nie

deel van kerklike vorming




Himnologie aanbiedings

**Kopieë wat nie meer gebruik word nie** van die publikasie **"Sing nuwe sange, nuutgebore – liturgie en Lied"**, wat 'n verwerking van die doktorale proefskrif van wyle **dr WM Lourens Strydom** is.

Die boek word met groot vrug gebruik in die **Himnologie aanbiedings** as deel van die **Kerklike vorming** van die teologiese studente.


**Kontak dr Johan Nel by seminarium@ngkvs.co.za**

# Woestynwysheid

## ANTIEKE RIGLYNE VIR TOEKOMSGERIGTE MENSE

**Ronell Bezuidenhout**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / OORDENKINGS*




In *Woestynwysheid* neem Ronell Bezuidenhout lesers op 'n reis deur die woestyn, waar die woestynvaders en -moeders, sowel as ander mistici, as gespreksgenote dien. Sy deel insigte wat sy by askete soos Antonius die Grote, Benediktus, Julian van Norwich, Sinkletika en Thomas Merton opgedoen het. Deur hierdie geselskap ondersoek sy die waarde van eenvoud, stilte, afsondering, stroping, en die vind van rus te midde van 'n haastige en besige wêreld. Ronell put uit haar eie ervaring as leraar, pastorale terapeut en retraiteleier, en nooi lesers uit om op 'n diepgaande en uitdagende manier terug te keer na die kern van hul geloof. Die boek bevat haar persoonlike joernaalinskrywings waarin sy haar gedagtes en worsteling deel, sowel as geloofsgewoontes wat op praktiese maniere in die alledaagse lewe toegepas kan word.

**Lees meer oor Ronell Bezuidenhout hier.**

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

***Oorgeneem uit*** *shop.clf.co.za*




## MEDIATEEK **INVENTARIS** »

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

NG Kerk
Vrystaat



# Barend Wessels Gedenksentrum







## MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuiskompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R7,615** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING**

ngkerkvrystaat.co.za

ontvangs@ngkvs.co.za

(051) 406 6700

# VERJAARSDAE



VEELS geluk

NG Kerk Vrystaat

## DESEMBER

**10** Ds Laurie Naudé
**MEYERHOF**

**12** Ds Louis Smith
**GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS**

**15** Ds Gert Victor
**HARRISMITH**

**15** Ds Charles Mitchell
**AANDBLOEM**

**19** Ds Lunette Basson
**THEUNISSEN-WES**

**20** Ds Natasha du Plessis
**LUCKHOFF**

**21** Ds Cobus Hamman
**BAINSVLEI**

**27** Ds Johan Marais
**BERG-EN-DAL**

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## JANUARIE

Ds Friedrich Kotzé
**VAALPARK**
**02**

Ds Waldermar Stumpfé
**FICKSBURG**
**02**

Ds Willie Griesel
**HERTZOGVILLE**
**07**

Ds Craig Saltzman
**HEUWELSIG**
**09**

Ds Madelein Bakker
**BETHLEHEM-OOS**
**09**

Ds Chris van der Linde
**HENNENMAN**
**10**

**14**
Ds Tano Bongers
**BLOEMFONTEIN-NOORD**

**14**
Ds Jan Venter
**CLARENS**

**15**
Dr Leon M Foot
**SINODALE KANTOOR**

**16**
Ds Pikkie Maritz
**OOSHOEK**

**16**
Ds Elrich Cornelissen
**BETHLEHEM-NOORD**

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**



***Foto:*** *Die konsep van Roetemerkers hou verband met die veranderinge wat ingetree het rondom die NG Kerk se vereistes vir lidmaatskap en nagmaal. (Foto deur DJ Muller)*

# Roetemerkers:


## Opwinding én kommer langs die kerk se weg met nuwe manier van dink oor lidmaatskap en belydenis

*Deur **Kerkbode** / 27 November 2024 / Aktueel*

Belangstelling, geesdrif én agterdog heers rondom die NG Kerk se langtermyn-proses om deur middel van "Roetemerkers" lidmate meermale die geleentheid te gee om sy/haar geloof te bely deur die klem te versag op 'n eenmalige belydenis van geloof.

Die doop maak jou 'n lidmaat (van die kerk), maar Roetemerkers wil jou help met die belewenis van die diepte van jou lidmaatskap, het ds Tienie Bosman al by die sitting van die Algemene Sinode, in Oktober 2023, namens die Taakspan Roetemerkers aan Kerkbode verduidelik.




kerkbode | Lees meer »

Bybel-Media





## Jaarboek 2025

**R399** »

**Beskikbaar Januarie 2025**

Die Jaarboek bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland. Jaarboek van die NG Kerke 2025 verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening.




## Leesrooster vir Lidmate 2024-2025

**R150** »

*Leesrooster vir lidmate* – Advent 2024 tot Koninkrykstyd 2025 – is vanjaar weer aanlyn beskikbaar by **missio.org.za**. Ons bied dit ook aan in 'n **aflaaibare PDF** wat maklik uitgedruk kan word. Stuur asseblief 'n e-pos aan **adele@bmedia.co.za** vir aflaaibare PDF. Geloofstyle vorm weer die element wat hierdie uitgawe se struktuur ondersteun. Die uitgangspunt is dat lesers van mekaar verskil ten opsigte van hulle geloofstyle. Die aanbieding van die vier momente vir elke week gee uitdrukking aan die verskillende geloofstyle.





## Jaarboek 2025

**R150** »

**Maak elke erediens 'n geloofsbelewenis**

*Woord en Fees* – Advent 2024 tot Koninkrykstyd 2025 – is die perfekte hulpmiddel vir elke leraar, gemeenteleier, liturg en verkondiger van die Woord in die ontwikkeling van preke en vir die voorbereiding van eredienste en ander geloofsbyeenkomste. *Woord en Fees* volg die seisoene van die kerkjaar en maak vanjaar gebruik van die teksrooster *Revised Common Lectionary*, Jaar C. ***Woord en Fees 25+* is digitaal beskikbaar by missio.org.za**


Kersfees
BYBELUITVERKOPIN
DIE BYBEL
AFRIKAANS
2020-vertaling
R197*
Volledige Bybel, mediumgrootte
64%
AFSLAG
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
Klik hier »


the sower
SUMMER 2024
IN AFRIKAANS
With
PRAYER
GUIDE
bible society
south africa
Klik hier »


Moving Mountains Publishers
Bied aan:
BOEK BEKENDSTELLING
DIE PALEIS VAN TANNIE MIDDLE C
Identifikasie: Opvoedkundige sprokies verhaal
Die musiekboek met 'n verskil, wat spesifiek vir kinders vanaf die ouderdom 4 tot 10 jaar geskryf is.
Die musiekboek wat terselfdertyd 'n sprokiesverhaal is, sowel as 'n "leer" boek.
6 Desember 2024
Tyd: 18:00
Ligte verversings
Toegang: Gratis
Plek:
Bybelhuis
22 Nelson Mandela
Bring n geldjie saam vir boek verkope!!
bybelgenootskap
van suid-afrika
Klik hier »



MPER UITVERKOO
DIS JOU LAASTE KA
ART DE OLIVI
DAGBOEKE
A5 DAGBOE
R250 per dagb
A4 DAGBOE
R365 per dagb
Engo
TEL: 060 548 5543 | EPOS: INFO@ENGO.CO.ZA
Klik hier »


KWID
Klik hier »


akansie Pret met Eng
Hou ons Facebook-blad dop vir weeklikse
aktiwiteite om die jongspan besig te hou
vakansie! Omgie deel graag die pret met
Engo
WWW.ENGO.CO.ZA | 060
Klik hier »


WEEK VAN G
JESUS SE
Klik hier »


THE
LOST
LITTLE LAM
NEW
Klik hier »


50% OFF
selected
ACADEMIC
AND
THEOLOGY
BOOKS
In time for the new
2025 Academic year
Offer valid until 31 March 2025
while stocks last
Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## PASTORALE SORG EN KRISIS INTERVENSIE

Jaarkursus

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## KURSUSSE WAT VIR JOU ’N NUWE DEUR OPEN

Jaarkursusse

55 VBO-punte

Via afstandonderrig
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## WOEDE AS ’N DESTRUKTIEWE MAG

4 Februarie 2025

5 VBO-punte

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Loer hier na ander sinodalestreke se nuus




## Publikasie

*Die Verlore Skapie*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*




## Publikasie

*Geskep vir meer*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




## Publikasie

*Vind God in die gewone*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Jan Lubbe | Uit my Kerkdagboek: Moet die dag van klein dinge nie geringskat**
*Kerkbode / 4 Desember 2024 / Rubrieke*
*Jan Lubbe*

**Luister | 'My eie ma het my nie herken nie … ' – Johnny Davids vertel van sy genesingspad**
*Kerkbode / 4 Desember 2024 / Luister*
*Heléne Meissenheimer*

**Badisa se 16 dae-veldtog: Raak betrokke – fokus op kinders wat geweld sien en ervaar**
*Kerkbode / 2 Desember 2024 / Badisa*

**Bloemfonteinse orkes ry 430km om Kerssangdiens op Karoodorp te hou**
*Kerkbode / 28 November 2024 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

**'Gemeentes kan nie kulturele eilande wees nie,' sê stats-prof van Bloem oor demografiese skuiwe onder proponente**
*Kerkbode / 26 November 2024 / Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

**Proponentebylaag: Die tendense wat agter die gesigte skuil**
*Kerkbode / 26 November 2024 / Artikels*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

NUUT

kerkbode
**Kalender** | Interaktiewe Dagboek

VAKATURES
NG Kerk Vrystaat
skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES
kerkbode
woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS
NG Kerk
skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

**GESOEK**

**Aflospredikant vir NG Gemeente Elliot** (Oos-Kaap) vir Februarie en Maart 2025, kontak **leon@ngkvs.co.za**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**BEROEP** | **Ds Louwrens Scheepers** van NG Gemeente Witrivier is beroep na NG Gemeente Philippolis vir een jaar vastetermyn, tydens die kerkraadsvergadering gehou op 20 November 2024. By NG Gemeente Prins Albert se kerkraadsvergadering op Sondag 10 November 2024, na deeglike gesprek en met fyn aanvoeling, is **ds Gert Victor** van NG Gemeente Harrismith, as leraar beroep na die NG Gemeente Prins Albert.

# Kan ons ooit **seker wees** van ons saligheid?

**Deur ds Gerber Roux,**
*Leraar van NG Gemeente Hospitaalpark*



***Foto:*** *Ds Gerber Roux (verskaf)*

*27 "My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."*

**Johannes 10:27-28 AFR20**

Vroeg in sy brief aan die Korintiërs skryf Paulus: "Dit is Hy wat julle ook enduit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie" (1 Korintiërs 1:8).

*"... Niemand sal hulle uit my hand ruk nie"*

Hiermee het Paulus aan die gelowiges in Korinte die versekering gegee dat hulle op die dag van Jesus se wederkoms gereed sal wees vir dié ontmoeting. Hulle kon dus seker wees van hul saligheid.

Was hierdie sekerheid miskien gegrond op enige iets wat die Korintiërs gedoen het, of enige menslike prestasie aan hulle kant? Nee, glad nie! Die sekerheid van hul saligheid – en ons s'n – is gegrond op God se soewereine, onveranderlike en genadige onderneming om sondaars te red. Dit is nie ons wat onsself red nie. Die goeie werk van ons redding is 'n werk wat God drie-Enig begin en voltooi het. Om hierdie rede – en vir geen ander rede nie – kan ons seker wees van ons saligheid.

Die Here Jesus het by geleentheid vir die Jode gesê: *"My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie"* (Johannes 10:27-28). Hieruit leer ons dat as Christus een maal ons hand gevat het, ons nie verlore kan gaan nie. Hoewel ons swak is en sy hand maklik sou kon los, is Hy sterk en getrou en sal Hy ons nooit uit sy hand laat ruk nie.

Mag hierdie blye versekering ons die vrymoedigheid gee om elke dag met nuwe ywer tot die eer van ons Here Jesus Christus te lewe.

**Lees hier »**



# KONTAK ONS

REDAKSIE


**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit


# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © 2024

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING